# Al Psalmend

## WEEK VIER: DEEL II







Ons weet reeds dat geen ander boek in die Ou Testament so gereeld in die Nuwe Testament aangehaal is as die Psalms nie. Die volk Israel was 'n singende volk (gaan kyk bv. in Eks 15:1; Num 21:17; Deut 31:19; 1 Kron 6:31 e.a.). Hierdie liefde vir sang is oorgedra na die Nuwe Testamentiese mense (-dink byvoorbeeld aan die vreugdejubels van Hosanna's wat gesing is in Matt 21:9). Een van die heel laaste dinge wat Jesus saam met die dissipels gedoen het was om 'n psalm te sing (lees daaroor in Matt 26:30 en Mark 14:26).

Die liefde vir musiek het die Joodse christene ook aan die nie-Joodse christene oorgedra: ons sien vroeg reeds dat die kerk ook 'n singende en aanbiddende gemeenskap was (1 Kor. 14:26; Ef. 5:18-20; Kol. 3:16).

As deel van hierdie singende, al psalmende, gemeenskap kyk ons vandag na die **lofprysingspsalms** en dan spesifiek die sg. "Halleluja-psalms".




## DIE HALLELUJA-PSALMS

Die Halleluja-psalms word gekenmerk daardeur dat die psalm begin met die woorde "*prys die Here*" en ook daarmee eindig. Al is daar net vyf uit die 150 psalms wat ten volle in die kategorie val, kan 'n mens nie anders as om – soos jy dit bestudeer – te verstaan waarom dit van die belangrikste psalms beskou word nie.

Daar is ander psalms wat ook 'n "prys die Here" bevat, maar om as 'n "ware" hallelujah-psalm gekenmerk te word, moet dit aan die begin én aan die einde van die teks staan. Soms eindig 'n psalm met 'n hallelujah (bv Psalm 115) en eindig die daaropvolgende psalm (Psalm 116) met 'n hallelujah, wat jou laat wonder: omdat die versindelings eers later gekom het, of daardie laaste vers van Ps 115 dalk nie eerder die eerste vers van Psalm 116 moes wees nie; veral omdat Psalm 116 met 'n hallelujah eindig?

Dan was Psalm 116 beslis een. Nou is beide Psalm 115 en Psalm 116 net "halfpad" een. Daar is nog sulke voorbeelde in Psalms 106, 111-113 en 135.




Maar kom ons keer terug na Psalms 146-150: die woordjie "Halleluja" (of in Engels "Hallelujah") bestaan uit die Hebreeuse woordjie "*halal*" (wat ons in Afrikaans met "*prys*" vertaal) plus 'n verkorte weergawe van "*Jahwe*", wat nou net "*Jah*" is. Halleluja(h) is eintlik dus Halal + Jah, wat beteken "*prys vir Jahwe*", of dan in Afrikaans "*Prys die Here*". Voila, "halleluja", sing ons lustig aan 'n Hebreeuse woord sonder om te weet waar dit vandaan kom. (Nou sal jy verstaan waarom daar ander psalms is, soos Pss 113-118 e.a., wat net as "hallel-psalms" bekendstaan, nie as "hallelujah-psalms" nie; want hulle het nie die byvoeging van die "Jah/we" aan die einde nie, net die hallal of "prys").

Hier is nou 'n interessantheid: **die woord halleluja verskyn 22 keer in die Psalms**. As jy die getalletjie "22" hoor, dan weet jy mos al dadelik dit laat

jou aan die 22 letters in die alfabet dink (dink terug aan die akroestiese psalms). Daar moet dus – soos ons by voorbaat weet - 'n rede wees waarom die woordjie soveel keer gebruik word. Net soos in Psalm 119 se geval waar die 22 dui op die volledigheid van alles wat moontlik gesê kon word (daar is dan nie meer letters in die alfabet oor nie), so dui die 22 keer se herhaling van die hallelujah op dieselfde: **niks bly oor om oor God te sê as om bloot in lofprysing oor te gaan nie.**




Hier is nou nog 'n interessante waarneming: die eerste letter van die Griekse alfabet (*alpha*) en die laaste letter (*omega*) word in die Openbaringboek aan Jesus die Christus verbind; wat ook op die "finaliteit" dui dat daar geen Woord verder gespreek kan word nie. Die **Griekse woord "Alleluia"** verskyn slegs vier maal in die Nuwe Testament; juis dat in Openb 19, en elke keer hou dit verband met die feesmaal saam met die Lam (die Christus) in die hemel. Almal sal voor hierdie Lam buig! Dit is juis "Alleluia"-liedere wat vir die Bruidegom gesing sal word. As 'n mens Psalm 150:6 lees wonder jy of dit vergesog is om af te lei dat dit hierdie vyf Halleluja-psalms mag wees wat in die teenwoordigheid van die Lam gesing gaan word, want hoor waarmee sluit die Psalmboek af: "*Laat alles wat asemhaal die Here loof. Loof die Here".*

**Deur die eeue het gelowiges geglo dat dieselfde respek aan die woord hallelujah toegedig moet word as die name vir God.** Soos iemand skryf:

"*sing met plegtige verwonderinge en heilige vreugde*".

Dit laat my dadelik dink aan hoe die herders moes voel terwyl hulle die engele die nag in die veld hoor sing het: "*Gloria in Excelsis Deo*" (Luk 2:13-15).

'n Storie wat my boei is van 'n Joodse Rabbi wat eenmaal teenoor iemand opgemerk het dat die naam *Jehovah* - soos on sweet - eintlik onuitspreekbaar is. Al wat dit is is drie lettergrepe wat bloot asemklanke is. Die rabbi demonstreer toe hoe die Heilige Naam moet klink as dit drie agtereenvolgende asemhalings is. (Ek het dit dadelik self hardop uitgespreek net met drie harde asemteue ... probeer self). **Dit is die naaste wat ons aan die naam van God kan kom: drie asemuitblase. Is dit ie waar dat elke asem wat van God kom, aan God behoort en ook weer aan God teruggegee word nie.** Hier herinner ek jou aan die heel eerste Week-Deel I se aanhaling van NT Wright, waar hy net op 'n ander manier presies dieselfde sê:

"*Psalms is like thinking about breathing*".

Ons het by Dag 1 met Psalm 1 die reeks afgeskop met die nadenke oor wie hulself dan nou wel as die "*wel-gelukkig-salig*" sou kan beskou; in hierdie laaste deel oor die Psalms eindig ons dit af met "*Hallel-Jahwe*" af. Dit is gepas om iemand aan te haal wat die volgende hieroor skryf:



Charles Spurgeon was een van die 19de eeu se mees woordryke teoloë, 'n kunstige psalmdigter in sy eie formaat.  Ek nooi jou uit om jou te verlustig in sy kleurryke verduidelikings oor lofprysing:


Die beste werk wat ons ooit op aarde kan doen, is om God te aanbid. Ons word geseën as ons bid, maar ons word sewe maal geseën wanneer ons God loof.
CHARLES SPURGEON: www.ronellbezuidenhout.co.za
Al Psalmend Week 4: Deel 2


Ons sing nie naastenby genoeg nie! Sing ons soveel as wat die voëls doen? Maar wat het voëls om oor te sing in vergelyking met ons?
CHARLES SPURGEON: www.ronellbezuidenhout.co.za
Al Psalmend Week 4: Deel 2


Dit sal 'n byna wonderbaarlike verandering in mense se lewens kan bewerk as hulle meer oor die kosbaarhede van die lewe kon praat en minder oor bekommernisse en euwels! Waarom hierdie leemte? Waarom altyd die pyne? Waarom nie soms - ja, waarom nie altyd nie - die barmhartighede van die Here? Laat lof die daaglikse kledingstuk wees waarmee ons ons tooi.
CHARLES SPURGEON: www.ronellbezuidenhout.co.za
Al Psalmend Week 4: Deel 2


Ons verkeer in 'n verkeerde gemoedstoestand as ons nie in 'n dankbare gemoedstoestand verkeer nie.
CHARLES SPURGEON: www.ronellbezuidenhout.co.za
Al Psalmend Week 4: Deel 2


Soms, selfs as gebed misluk, sal lofprysing dit regkry:
dit kan 'n swaar hart verlig.
CHARLES SPURGEON: www.ronellbezuidenhout.co.za / Al Psalmend


Lof is die hemelste van Christelike pligte.
Die engele bid nie, maar aan hulle lof is
daar geen einde nie.
CHARLES SPURGEON: www.ronellbezuidenhout.co.za
Al Psalmend Week 4: Deel 2


'n Verheugde hart
bring gou 'n loflied.
CHARLES SPURGEON: www.ronellbezuidenhout.co.za
Al Psalmend Week 4: Deel 2


Om God te loof, is een van die beste maniere
om weg te bly van kla!
CHARLES SPURGEON: www.ronellbezuidenhout.co.za
Al Psalmend Week 4: Deel 2


Die beste resep vir 'n lewe van vreugde is om God te dank, Volgende keer wanneer 'n vriend jou kom besoek, moet jy hom nie vertel hoe koud die wind vanuit die Noorde waai nie, hoe onplesierig die weer is vir hierdie tyd van die jaar, hoe sleg die pyn in jou bene is nie - hy het waarskynlik die hartseerverhaal al baie vantevore gehoor! In plaas daarvan, vertel hom wat die Here vir jou gedoen het en laat hom voel dat die Here goed is.
CHARLES SPURGEON: www.ronellbezuidenhout.co.za
Al Psalmend Week 4: Deel 2


Dit is goed om die Here te loof vir sy genade as jy gesond is, maar sorg dat jy dit veral doen ook as jy siek is, want dan is jy geneig om eerliker te wees.
CHARLES SPURGEON: www.ronellbezuidenhout.co.za
Al Psalmend Week 4: Deel 2


Gebed is die blare van die
blom, maar lof is die blom self.
CHARLES SPURGEON: www.ronellbezuidenhout.co.za
Al Psalmend Week 4: Deel 2


Ons leef deur in te asem en uit te asem.
Ons haal die atmosfeer van die Hemel in deur
gebed en blaas dit weer uit met lof.
Gebed en lofprysing vorm die kern van die
lewe van die Christen.
Nooit gebed sonder lof nie,
en ook nie lof sonder gebed nie!
CHARLES SPURGEON: www.ronellbezuidenhout.co.za
Al Psalmend Week 4: Deel 2


'n Dankbaarheidslied
vir die verlede is soet,
maar 'n loflied is soeter
wanneer God vir die
toekoms aanbid word,
in volle vertroue dat dit
goed sal gaan
CHARLES SPURGEON: www.ronellbezuidenhout.co.za
Al Psalmend Week 4: Deel 2


Mense wat God loof vir die
bitter, aan hulle stuur die
Here gereeld die soet. As
hulle God in die nag kan
prys, is die daglig nie ver
nie.
CHARLES SPURGEON: www.ronellbezuidenhout.co.za
Al Psalmend Week 4: Deel 2

## Oor die verskillende tipe (genres) in die Psalms:

ons weet reeds dalk die Psalms baie fyner verdeel kan word, maar ter wille van jou eie verstaan, is dit dalk goed om die **drie belangrikstes** te onthou (synde bykans elke psalm êrens onder een van hulle ingedeel kan word, en baie selfs onder twee):

a) **Klaagliedere** (waarby die wraakpsalms ingesluit word),

b) **Lofprysingsliedere** wat uitsluitelik fokus op wie God is.

c) **Dankliedere** (n.a.v. iets wat met die volk gebeur het en waar daar uitkoms gekom het; dit sluit ook al die sg. "vertrouenspsalms" in.)


## DANKPSALMS

Dankbaarheidspsalms beslaan omtrent 'n vyfde van die Psalmboek. Somtyds is daar 'n baie duidelike aanduiding waaroor die psalmdigter dankbaar is, somtyds nie (dink aan Psalm 8, 29; 33; 100, ens.) Somtyds het dit gegaan oor God se heerskappy (Psalms 47; 93; 96; 97; 98; 99), somtyds was dit tempelpsalms oor God se woning in Sion/Jerusalem wat weer by feesgeleenthede gesing is.

Nog voorbeelde van Dankpsalms: Psalms 9-10; 18, 21; 30, 32, 34, 41, 65-66; 92, 116, 118, 136, 138.

**Gewoonlik is daar 'n baie duidelike patroon:**

1. Eers is daar 'n oproep om te aanbid, of 'n seëning;
2. 'n Verduideliking van wat die probleem was en kan soms ook vertel hoe hy tydens die krisis gevoel het (soortgelyk aan klaagpsalms);
3. 'n Getuienis dat God verlossing gebring het;
4. Weereens 'n oproep tot aanbidding en 'n herhaling van dankbaarheid; soms word ander uitgenooi om saam te aanbid.


'n OEFENING
Gebruik Psalm 34 en lees
dit 'n paar keer rustig deur.
Kyk of jy hierdie patroon
van die dankpsalm hierin
kan identifiseer.



Net soos in die geval van die klaagpsalms wil ek jou uitnooi om weer 'n psalm te skryf, maar **skryf hierdie keer 'n dankpsalm**. Die fase waarin ons ons nou bevind is in 'n periode van inperking en die Corona-pandemie. Met dit ingedagte, skryf jou dankpsalm

- vanuit geloof en vertroue, in erkenning van wie God vir jou is, ongeag wat gebeur;
- skryf dit in kort reëls, nie lang prosa styl of paragrawe nie;
- bedink metafore en herhalings om juis dit wat jy wil sê vanuit meer as een verskillende invalshoek te bedink;
- skryf met eerlikheid: nie net oor die omstandighede nie, maar ook oor jou emosies;
- dink terug aan soortgelyke ervaringe wat jy gehad het/omstandighede wat jy dalk beleef het/in die geskiedenis gebeur het en maak dit van toepassing op hierdie situasie;
- as Nuwe Testamentiese gelowiges, waarom kan jy juis in hierdie tyd dankbaar wees.

# NÓG LEESWERK

## ...OOR DIE BETEKENIS VAN HALLELUJA:

Prof Lipnick skryf ‘n baie kort opsomming en gee ook ‘n videopraatjie oor die betekenis van die woordjie: https://www.faithparry.com/blog/2018/6/30/meaning-of-hallelujah

Lees ook: http://www.ravkooktorah.org/PSALM104.htm

## ... OOR DIE SKRYF VAN PSALMS:

‘n Goeie hulpmiddel as jy jou eie psalms wil skryf: http://storage.cloversites.com/fellowshipbiblechurch5/documents/How%20To%20Write%20a%20Psalm.pdf

Hier is ‘n hulpmiddel as jy ‘n kleingroep wil begelei om ‘n psalm te skryf: http://www.clevedonbaptistchurch.org/wp-content/uploads/2012/11/Worship-Resource-Create-a-psalm.pdf

As jy dalk met kinders werk en hulle wil leer om ‘n psalm te skryf, gebruik hierdie riglyne: https://www.biblewise.com/kids/images/char-topic/writing_psalms-instructions.pdf

## ...OOR DIE VERSKILLENDE PSALMS

Die deeglikste uiteensetting van die verskillende genres in die Psalmboek wat jy dalk sal wil uitdruk en in jou Bybel wil hou vir toekomstige bybelstudies oor die Psalms kan jy hier vind: https://www.csmedia1.com/thefieldschurch.net/psalms-genres-chart.pdf


## IN DIE VOETSPORE VAN JESUS






Ons deel hierdie wonderlike gebedeboek met gelowiges uit ander geloofstradisies. Lank voordat die Psalmboek in ons geloofskanon ingesluit is, was (en is dit steeds) dit liedboek vir gelowiges uit die Joodse geloofstradisie. 'n Mens kan vra of ons die Psalms enigsens anders lees as mense wat nie in Jesus glo nie? Is die Psalms geskryf "*met die oog op" Jesus*? Ons weet dat daar 'n sterk Messiaanse verwagting in die Psalms is (- m.a.w. Psalms wat uitsien na die "Gestuurde" wat oor alles en almal sal regeer). Dit wil lyk asof Jesus Homself "*vanuit die Psalms*" gedefinieer het (m.a.w. dat die Psalms 'n rol gespeel in hoe Jesus oor homself gedink het).

As hierdie paragraaf dalk vir jou 'n bietjie te "tegnies" klink, kom ek verduidelik: reeds in die eerste week het ons daarop klem gelê dat ons die Psalms verantwoordelik moet lees. Dit is 'n antieke boek van wie die skrywers gewis nie in hul wildste drome gedink het dat lesers 3 000 jaar later dit hier aan die suidpunt van 'n ander kontinent steeds sou lees nie. En tog ... die wonderlike voorreg ... ons bestudeer hierdie boek "asof dit vir ons bedoel is". Ten dele is dit natuurlik, want ons loop in die voetspore van Jesus; meer nog, soos die lofliedere wat ons sopas bestudeer het ons leer, alle geslagte en generasies loop uit na "*die Groot Loflied van die Halleluja's*"!



**Ook vandag, indien ons ons laat inspireer deur die nuutheid van die opgestane Heer wat nou leef by die Vader, en in die kerk deur sy Heilige Gees, word die Psalms nuut. Ons het behoefte daaraan dat die Gees ons vernuwe; aan ons ore skenk om die Psalms te leer beluister, tot in ons hart, en 'n mond om dit biddend te sing.**

A. C. Barnard

Dit is nie moeilik om Jesus se lewe te bestudeer en te sien watter rol die Psalms in sy lewe gespeel het nie.

Laat ons net eers hier erken, dit is onmoontlik om al die verwysings van die Psalms in die Nuwe Testament hier aan te haal (daar is bykans 200!) Van Jesus se geboorte af tot by sy laaste asem-uitblaas is sy verhaal verweef met die Psalms. Ons besef dit nie altyd nie, maar selfs wat ons as die *Magnificat* (Luk 1:46-55) en die *Benedictus* (Luk 1:68-79) ken, is refreine vanuit die Psalms. Hoor hoe mooi:

*Aan die Here, die God van Israel, kom die lof toe tot in die allerverste toekoms. Amen, ja, amen* ( Psalm 41:14)

*Mag sy verhewe Naam vir altyd geloof word, mag die hele wêreld vol wees van sy majesteit. Amen, ja, amen* (Psalm 72:18)


*Aan die Here kom die lof toe vir altyd Amen, ja, amen* (Psalm 89:53).

**Ek verfris net jou geheue oor 'n paar gegewens wat ons al vroeër aangeraak het:**

- By Jesus se doop hoor ons Psalm 2:7.
- Wanneer Jesus vir die tweede keer in die woestyn versoek word, beroep hy homself op Psalm 91.
- Jesus se intog word gesien as 'n interpretasie van Psalm 118.
- Tydens gesprekke met die Fariseërs en die skrifgeleerdes (in Matt 21:42 en Matt 22:41-45) haal Jesus o.a. uit Psalm 110 en 118 aan.
- By die laaste Pasga, waartydens die nagmaal ingestel is, sing Jesus en sy dissipels uit die Hallelpsalms - Psalm 113-118 (Matt 26:30).
- By sy kruisiging hoor ons Psalm 22.
- In sy laaste woorde weerklink Psalm 31:6.
- Na sy opstanding lê Jesus "Moses en die profete en die Psalms" in Luk 24:44 uit.
- Ons lees hoe die dissipels en die gemeente die Psalms sing (Joh 19:36).

Daar is baie mense wat voel dat dit die wyse is waarop die Psalms gelees moet word. Dalk is dit nie die eerste invalshoek waarmee die Psalms gelees behoort te word nie; omdat die baie praktiese alledaagse beginsels wat in die Psalms gegee word baie "verspiritualiseer" word. Daar is natuurlik geen ander moontlik vir ons as om wel intens verwonder te staan deur die korrelasie wat daar tussen Jesus se lewe en die woorde van die psalmdigters is nie.

Soos iemand dit stel, "*die Psalms wil ons dus nie net innooi om in die woorde van die Psalms met God in gesprek te tree nie, maar wil ons ook in die lig van die Christologiese interpretasie daarvan weer opgewonde maak oor Jesus self.*"




## ‘n LAASTE GEDAGTE

Ek het in die begin van Week 4 - Deel I genoem dat ek twee hedendaagse teoloë se bydrae wil bespreek. Die eerste een aan die beurt was Walter Brueggemann - van hom sou 'n mens dit immers verwag, hy word beskou as die wêreld se bekendste en gerespekteerde Ou Testamentikus.

Die ander een verwag 'n mens dit glad nie van nie. Dalk weet jy nie eers van hom nie (...alhoewel hy baie bekender is as wat Walter Brueggemann ooit sou kon wees). Dit is 'n sg "rock ster". Min van ons ken sy "regte" naam, maar baie van ons sal, as ons die naam "Bono" hoor, weet dat dit die hoofsanger is van 'n Ierse musiekgroep, "U2". Eugene Peterson, vertaler van die Bybel in baie moderne Engels ("The Message") en Prof David Taylor van die Fuller Instituut het 'n projek saam met Bono aangepak oor die Psalms.

Ek nooi jou om na hierdie video-insetsel te luister waar Bono en Eugene Peterson gesels. .

As 'n teoloog is ek baie daarvan bewus dat ek self die vermoë het om 'n probleem te verduidelik in teologiese taal wat dit nie altyd toeganklik maak vir iemand wat nie teologie opleiding het nie. Daarom het ek gedink dat dit goed is om jou aan hierdie musikant bloot te stel. Immers was die Psalms ook musiek; en daardie wêreld sal 'n musikant dalk beter begryp as 'n teoloog.


https://www.youtube.com/watch?v=-l40S5e90KY&feature=youtu.be

Nie naastenby kon ons in hierdie kursus na al die Psalms kyk nie; nie eers deeglik die bestudeer waarby ons wel uitgekom het nie. Maar my wens vir jou is dat jy passievol sal bly oor die Psalms.

Mag hierdie kursus jou nuuskierigheid aangewakker het om nog baie meer uit te vind. Ek gaan wel hier onder 'n klompie bronne vir jou aanbeveel, maar die beste is steeds om die Psalms bloot aan te hou lees. Diepgaande studie is altyd nodig, maar niks ewenaar die begeleiding waarmee die Heilige Gees jou algaande mee bedien soos wat jy jouself in die leefwêreld van die psalmdigters toelaat.

Al Psalmend, altyd...

Ronell Bezuidenhout



# LEES MEER

## ... OOR JESUS IN DIE PSALMS

https://bybelskool.com/teologiese-temas-soorte-psalms-en-jesus-en-die-psalms/

https://davidschrock.com/2020/07/09/seeing-the-connections-in-psalms-93-100-that-lead-us-to-christ/

LUISTER GERUS OOK NA NT Wright se verduideliking oor die rol van die Psalms in sy lewe: https://www.youtube.com/watch?v=I8kT-N-fViY